Dinsdag 27 Oktober
Skrifgedeelte: 2 Petrus 1:5-11
Fokusgedeelte: 2 Petrus 1:10
Maak vas – en maak gou

Sommige woorde val vreemd op die gereformeerde oor. Jou gereformeerde voelhorinkies tel 'n vibrasie op wat jou laat wonder: Wat gaan hier aan? "Julle moet julle des te meer beywer om julle roeping en verkiesing vas te maak", skryf Petrus. "Want as julle dit doen, sal julle nooit struikel nie." Dit kan mos nie waar wees nie? Dit is immers God wat in sy genade mense vir Hom uitverkies en roep. Hoe kan die apostel sê dat die mens dit moet vasmaak?

Dit is inderdaad so dat uitverkiesing en roeping uit-en-uit Goddelike genadewerk is. Dit neem egter nie weg dat die mens wat uit genade tot kind van God verkies en geroep is, 'n groot verantwoordelikheid het nie. So werk dit altyd in God se verbond met ons. Elke gawe is 'n opgawe. Belofte en eis loop onskeibaar hand aan hand.

Hoe maak 'n mens jou verkiesing en roeping vas? Petrus wys op 'n "ketting" van dinge wat moet gebeur.

- Verkiesing en roeping het allereers met jou geloof te doen. Jy moet ywer, dit is: groei en werk in geloof.
- By die geloof word die deug gevoeg. 'n Gelowige lewe 'n moreel hoogstaande lewe tot eer van God.
- By die deug kom die kennis. Kennis van God en sy Woord is onmisbaar vir 'n lewe in diens van God.
- Saam met die kennis loop selfbeheersing. 'n Gelowige gee nie toe aan sy eie drange en begeertes nie, maar onderwerp hom aan die wil van God.
- Op die selfbeheersing volg lydsaamheid en godsvrug. Dit is noodwendig so. Om 'n verkore en geroepe gelowige te wees, is nie altyd maklik nie.
- Ten slotte: Jy beleef broederliefde en naasteliefde. Liefde in en buite die kerk. Die "ketting" begin met geloof; dit eindig met liefde. Wie hierdie dinge doen, dra vrugte wat by die geloofsboom pas. Uit die vrugte van ons geloof kan ons sekerheid kry (HK So. 32). Heerlike geloofsekerheid.

Maak dus vas jou roeping en verkiesing. Beywer jou daarvoor. Maak gou, want die tyd loop uit.

*Sing: Psalm 25-1:6*
*Dr. GJ (Gerard) Meijer (Oos-Moot)*